NG JEFFREYSBAAI

5 Stappe van Toewyding: Sondag 12 Julie

Nadenke

Toewyding is onvoorwaardelike oorgee aan God

Stilword by God

Spandeer ’n paar oomblikke van stil wees saam met Jesus. Gee jou gedagtes vir Hom. Aanbid Hom.

Wat sê die Woord

Lees Rom 3:24-25

Kyk na die videogreep vir die boodskap.

1. **Hoe gebruik jy en pas jy iets op wat jy ontsaglik duur voor betaal het?**
   Versigtig, pas mooi op, koester dit. Dit kry ’n spesiale plek. Jy is trots daarop
2. **Geld het jou nie gekoop nie. Wie sou ooit dink Jesus sou ons koop met Sy bloed?**
   Die volle som is klaar betaal. Jy behoort aan Jesus, duur gekoop. Wys jou lewe dit?
3. **Die evangelie van verlossing praat ook oor jou. Is jou Naam in die Boek van die Lam?**
   As jy in Jesus glo as jou Verlosser, is jou naam in die Boek van die Lam geskrywe. Jy is deur Sy bloed gekoop en regverdig verklaar deur God. Jesus het dit moontlik gemaak. Hoe gaan jy daaankbaar leef?

Srifgedeeltes vir die week:

Jy is nie gekoop met gemors nie.	1 Petr 1:18-19	13e
Gereinig vir Jesus tot goeie werke	Titus 2:13-14	14e
Verlos & afgesonder vir God	1 Petr 2:9	15e
Die Gees seël die koop transaksie	Efes 1:13-14	16e

Nadenke: Verandering van eienaarskap is genade as jy ’n beter eienaar kry

Gebed

Jesus dankie dat U my gekoop het met U bloed. Dat U die prys betaal het, dat U toegewyd was aan U Vader se wil tot in die dood, ja die dood aan die kruis..